Die geestelike tuiste van suiwer beleggings

Shari'ah-beleggings aangebied deur Old Mutual Unit Trusts

KOOPVORM

BELANGRIKE INLIGTING

1. Vul asseblief al die tersaaklike afdelings in en onderteken afdelings 7 en 13 (en afdeling 8 indien van toepassing).
2. Die ingevulde vorm en stawende dokumente (sien onder) kan geskandeer en per e-pos na uttransactions@oldmutual.com gestuur word, gefaks word na +27 (0)21 509 7100 of by enige Old Mutual-tak ingegee word. Onduidelike onvolledige vorms kan vertragings veroorsaak. Skakel ons Dienssentrum by 0860 234 234 as u enige vrae het.
3. U belegging sal gedoen word sodra ons die ingevulde vorm en die stawende dokumente ontvang het en sodra u geld in die korrekte bankrekening verskyn.
4. **Nadat u rekening geopen is, kan u via www.omut.co.za registreer om u portefeulje te bekyk en/of transaksies te doen.**
5. Dit is belangrik om 'n selfoonnommer te verskaf, omdat transaksiekennisgewings slegs per SMS gestuurword.

VEREISTES VIR STAWENDE DOKUMENTE

Koop- en verkoopversoeke vereis ten minste bewys van identiteit (bv. strepiesgekodeerde ID/paspoort) en woonadres (bv. diensterekening), tensy ons u jongste dokumente op rekord het. Raadpleeg asseblief die dokument getiteld "Vereistes t.o.v. Stawende Dokumente" (beskikbaar op ons webtuiste) vir nader inligting. Die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (FICA) vereis dat dokumente vir elke gelyste persoon voorsien moet word, insluitend persone wat namens ander optree. Institusionele beleggers moet ook dokumente rakende "Selfsertifisering van valutabeheer-nakoming" verskaf, indien van toepassing). Ons kan nie u aansoek sonder die toepaslike inligting verwerk nie.

VERWERKINGSTYE

Indien alle vereistes teen 15:00 (13:00 vir alle transaksies ten opsigte van geldmarkeffektetrusts) nagekom is, sal u dieselfde dag se prys ontvang. Anders sal die eerste werksdag se prys van toepassing wees sodra alle vereistes nagekom is, en dieselfde afsnytye sal van toepassing wees.

Vul asseblief hierdie vorm in drukskrif in en merk (P) waar toepaslik.

AANSOEK OM ONDERAANDELE TE KOOP

Ek doen hiermee aansoek om die getal onderaandele wat gekoop kan word met die beleggingsbedrag wat hieronder aangetoon word. Alle transaksies is aan die voorwaardes van die betrokke Trustakte(s) onderhewig.

Het u reeds 'n belegging by Old Mutual Unit Trusts? Nee ☐ Ja ☐ Indien Ja, verstrek asseblief ☐☐☐☐☐☐☐☐☐
Effektetrustnommer

1. BELEGGER SE BESONDERHEDE

Ek belê:

Vir myself ☐ Namens 'n instelling ☐ Namens 'n minderjarige ☐ Meld verwantskap ☐

Sorg asseblief dat al die vereiste stawende dokumente verskaf word vir elke persoon wat op die vorm gelys is.

PERSOON IN WIE SE NAAM BELEGGING GEHOU WORD

Van en voorletters ☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Die geestelike tuiste van suiwer beleggings

Shari'ah-beleggings aangebied deur Old Mutual Unit Trusts

KOOPVORM *vervolg*

1. BELEGGER SE BESONDERHEDE *vervolg*

BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT NAMENS BELEGGER OPTREE (OUER/VOOG)

Van en voorletters

ID-/Paspoortnommer Geboortedatum D D M M E E J J

Van en voorletters

ID-/Paspoortnommer Geboortedatum D D M M E E J J

Woonadres

Poskode

Tel. (Kode) (Huis) (Kode) (Werk)

Faks Selfoon

2. HOE OM TE BELÊ

Old Mutual Unit Trusts staan onder geen verpligting om beleggings onder die minimum te aanvaar nie en behou hom die reg voor om in sekere omstandighede nie u rekening te debiteer nie of om op te hou om u rekening te debiteer. Indien geen keuse aangedui word nie, sal uitkerings outomaties herbelê word.

NAAM VAN EFFEKTETRUST	NAAM VAN BELEGGING**	ENKELBEDRAG	MAANDELIKS	UITKERINGS (✓ om in werking te stel)	
				Betaal uit	Herbelê
Old Mutual Albaraka Balanced Fund					
Old Mutual Albaraka Equity Fund					
	TOTAAL	**R**	**R**		

Enkelbedragbelegging

A Debiteer asseblief my bankrekening (soos op bladsy 3 uiteengesit) met R op die D D M M E E J J

B Ek sal R na Old Mutual Unit Trusts se bankrekening oorgeplaas, of ☐ het dit reeds gedoen.

Bank	Rekeningnommer	Tak	Takkode	Tipe rekening
Standard Bank	071230904	Kaapstad	05 10 01	Lopend

Faks asseblief u ingevulde vorm na +27 (0)21 509 7100 en kontak ons Dienssentrum by 0860 234 234 om u rekeningnommer te verkry. Gebruik dan hierdie rekeningnommer as verwysing wanneer u 'n direkte deposito of 'n EFO doen. Indien die verkeerde bankrekening gekies word of 'n rekeningnommer as verwysing weggelaat word, kan dit vertragings veroorsaak.

Herhalende maandelikse (debietorder)beleggings

Laat asseblief 10 dae kennisgewing toe.

Debietorderdatums (kies een) 1 3 7 15 20 27 Aanvangsmaand

Om te help verseker dat my beleggingsbedrag met inflasie tred hou, verhoog asseblief die beleggingsbedrag van my debietorder elke jaar op die verjaardagdatum met:

10* % of ☐ % of R

* Skrap indien nie van toepassing nie. Indien u nie u keuse aandui nie, sal die verhoogde bedrag aangewend word vir alle effektetrusts in u portefeulje wat deur hierdie aansoek geraak word.
** Gee die beleggingsdoelwit vir elke effektetrust 'n naam. Elke doelwit sal op u staat verskyn.

3. VERIFIËRING VAN INKOMSTE

Bevestig asseblief u bron van inkomste en fondse vir hierdie transaksie.

Bron van inkomste

Bron van fondse vir hierdie transaksie

Tipe bates ☐ Kleinhandel ☐ Institusioneel

- **Institusionele bates** verwys na bates wat namens institusionele beleggers gehou of bestuur word, d.w.s. aftreefondse, langtermynversekeraars, kollektiewe beleggingskemabestuurders en beleggingsbestuurders wat by Valutabeheer vir valutabeheerdoeleindes as institusionele beleggers geregistreer is.
- **Kleinhandelsbates** verwys na bates wat ontvang word van individue en ander entiteite, soos maatskappye en trusts, ens. en sluit kleinhandelsbates in wat indirek ontvang word via 'n tussenganger, soos 'n gekoppelde beleggingsdiensverskaffer (LISP), genomineerde maatskappy of 'n beleggingsbestuurder wat **nie** as 'n institusionele belegger by Valutabeheer geregistreer is nie.

Die geestelike tuiste van suiwer beleggings

Shari'ah-beleggings aangebied deur Old Mutual Unit Trusts

KOOPVORM *vervolg*

4. BEVESTIGING VAN BELASTINGSTATUS VIR DIVIDENDTERUGHOUBELASTING

OMUT sal outomaties dividendbelasting teen die korrekte koers op u belegging terughou en dividende na aftrekking van dividendbelasting betaal ten opsigte van individuele beleggers wat in Suid-Afrika woon. Dit sal op u IT3B aangedui word. U hoef niks verder te doen nie.

Sekere individue en entiteite soos omskryf in die Inkomstebelastingwet kan vir 'n verlaagde dividendbelastingkoers of 'n vrystelling kwalifiseer.

Dui asseblief aan:

☐ Ek/Ons kwalifiseer vir 'n vrystelling, omdat ek/die entiteit van Dividendterughoubelasting vrygestel is.

OF

☐ Ek/Ons kwalifiseer vir 'n verlaagde dividendbelastingkoers, omdat 'n dubbelbelasting-ooreenkoms bestaan.

Ek/Ons sal die vorm Verklaring van Voordelige Eienaar (verkrygbaar by www.omut.co.za of deur die Dienssentrum by 0860 234 234 te skakel) invul en aan OMUT terugstuur om hierdie vrystelling/verlaagde belastingkoers te verkry.

Let wel: OMUT sal dividendbelasting terughou teen die toepaslike koers wat deur wetgewing bepaal word, totdat ons u getekende verklaringsvorm ontvang het. Raadpleeg asseblief 'n belastingadviseur as u onseker is oor u belastingstatus.

---

5. U BANKBESONDERHEDE

Aftrekkings kan nie teen kredietkaarte gedoen word nie. Debietorders kan slegs op u eie rekening geskep word (behalwe in die geval van grootouers/ouers wat namens minderjariges belê, of gades wat namens mekaar belê). Betalings kan slegs in u eie bankrekening gedoen word (behalwe in die geval van minderjariges).

BANKBESONDERHEDE VIR AFTREKKINGS (Ons sal hierdie en alle toekomstige betalings van hierdie rekening aftrek.

Rekeninghouer se van ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ Voorletters ☐☐☐

Bank en tak ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Takkode en rekeningnommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Tipe rekening: Lopend ☐ Spaar ☐

BANKBESONDERHEDE VIR UITBETALINGS INDIEN ANDERS AS HIERBO (Ons sal dividende, opbrengste op verkope en gereelde onttrekkings in hierdie rekening inbetaal.)

Rekeninghouer se van ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ Voorletters ☐☐☐

Bank en tak ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Takkode en rekeningnommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Tipe rekening: Lopend ☐ Spaar ☐

---

6. OUTOMATIESE GEREELDE ONTTREKKINGS (Die keuse om uitkerings te laat uitbetaal word nie as 'n onttrekking beskou nie)

Verkoop asseblief onderaandele ter waarde van R _____ uit my _____ Fund, elke maand/kwartaal/ses maande/jaar (omkring betaaltempo). Begin _____ (datum).

---

7. EFFEKTETRUSTS WAT AAN SHARI'AH VOLDOEN (Old Mutual Albaraka Equity Fund en Old Mutual Albaraka Balanced Fund)

Ek erken dat ek gekies het om te belê in 'n effektetrust wat aan Shari'ah voldoen, wat beteken dat dit ooreenkomstig die riglyne van die Shari'ah Toesighoudende Raad bestuur sal word, met inagneming van die Shari'ah-standaarde van die Rekeningkundige en Ouditorganisasie vir Islamitiese Finansiële Instellings (AAOIFI). Ek stem in dat enige inkomste wat deur die Shari'ah Toesighoudende Raad as nie-toelaatbaar beskou word, betaal word aan die liefdadigheidstrust wat deur die Shari'ah Toesighoudende Raad gekies word in ooreenstemming met die beginsels van Shari'ah en die aanvullende akte van die effektetrust. Ek erken dat dit nie deel van my inkomste uitmaak nie en nie op my belastingsertifikaat sal verskyn nie. Ek neem kennis dat inkomste in sommige gevalle in ooreenstemming met heersende belastingpraktyke as "rente-inkomste" op my belastingsertifikaat aangedui kan word, maar aanvaar dat sodanige inkomste ten volle aan Shari'ah voldoen en as sodanig deur die Shari'ah Toesighoudende Raad goedgekeur is.

Datum D D M M E E J J ☐☐☐☐☐☐☐☐ Handtekening van belegger _____

Die geestelike tuiste van suiwer beleggings

Shari'ah-beleggings aangebied deur Old Mutual Unit Trusts

KOOPVORM *vervolg*

8. AANVAARDING VAN ADVIES

A Ek is alleen verantwoordelik vir my beleggingskeuses en die gepaardgaande uitkomste daarvan, en ek erken dat ek hierdie transaksie aangaan sonder om finansiële advies te ontvang, omdat ek dit so verkies. Gevolglik sal geen aanvangskoste op enige belegging van R500 (die effektetrustminimum) of meer gehef word nie.

OF

B Hiermee bevestig ek dat, waar van toepassing, die betrokke tussenganger (adviseur of makelaar) my oortuig het dat hy/sy gemagtig is om finansiële dienste ten opsigte van hierdie produk te lewer.

Wil u hierdie tussenganger as u Voorkeur-dienstussenganger (VDT) aanstel om na al u toekomstige Old Mutual finansiële diensbehoeftes om te sien?

☐ JA, ek stel die VDT aan en verleen aan hom/haar toegang tot inligting oor al my bestaande Old Mutual finansiële diensprodukte.

☐ NEE, ek sal 'n Tussenganger-aanstellingsnota (TAN) invul waarin ek die dienstussenganger van my keuse per kategorie van Old Mutual finansiële diensprodukte sal aanwys.

9. OPDRAG VIR BETALING VAN ADVISEURSFOOIE (Indien van toepassing)

'n Aanvanklike adviseursfooi is soos volg ooreengekom (onderhewig aan die maksimums vir elke effektetrust, soos uiteengesit op die effektetrustfondsfeiteblad). Die toepaslike bedrag sal afgetrek word voordat onderaandele gekoop word.

☐ % BTW ingesluit (maks. 3.42% BTW ingesluit) vir aandele-/batetoewysingseffektetrusts , wat **R** ☐ is. BTW ingesluit.

(LW: Indien % en randbedrag verskil, sal % geld.)

Datum D D M M E E J J ☐☐☐☐☐☐☐☐ Handtekening van belegger ☐

JAARLIKSE ADVISEURSFOOI (slegs van toepassing op Old Mutual Albaraka Balanced Fund)

U kan ook kies om 'n deurlopende jaarlikse adviseursfooi te betaal. Hierdie fooi word tussen u en u adviseur of makelaar onderhandel en is bykomend tot die aanvanklike adviseursfooi wat betaal word soos hierbo bepaal is.

JA ☐ of NEE ☐

Indien Ja, spesifiseer persentasie ☐ . ☐☐ (maks. 1.14% p.j. met BTW ingesluit) van u diskresionêre belegging in die Old Mutual Albaraka Balanced Fund (nie-aftreebelegging). Let wel: Hierdie opdrag stel alle bestaande jaarlikse adviseursfooi-ooreenkomste tersyde.

Hierdie jaarlikse fooi word bereken as 'n persentasie van die waarde van u diskresionêre (nie-aftreespaar-) effektetrustportefeulje. Dit sluit dus alle annuïteitprodukte uit. Verder word die Old Mutual International Growth Fund of Funds, die Old Mutual Albaraka Equity Fund, die Old Mutual Income Fund A3 en die Old Mutual Balanced Fund A3 ook uitgesluit aangesien hulle 'n spoorfooi uit hul jaarlikse diensfooi kan betaal. Die jaarlikse adviseursfooi word maandeliks afgetrek deur onderaandele uit die benoemde effektetrust(s) te verkoop. Dit is dus 'n kapitaalwinsbelastinggebeurtenis. Indien hierdie fooi uit 'n enkele effektetrust betaal word en daar op enige tydstip nie genoeg onderaandele in die effektetrust is nie, sal die fooi outomaties van u Money Market Fund afgetrek word, of so nie van die grootste effektetrust in u portefeulje. Waar beleggings in meer as een klas binne dieselfde effektetrust gehou word, sal die fooi afgetrek word van die klas wat oop is vir nuwe besigheid. U sal bevestiging ontvang van die implementering van hierdie fooi, enige wysigings aan die jaarlikse persentasie of aan die effektetrust, asook die kansellasie daarvan. Hierdie fooi berus op 'n ooreenkoms tussen die kliënt en die tussenganger. U moet in ag neem of u tussenganger vir BTW geregistreer is. Old Mutual Unit Trusts is nie 'n party tot die ooreenkoms nie en sal die fooi kanselleer by ontvangs van 'n skriftelike opdrag van enigeen van die partye. Die fooi sal verder gekanselleer word deur 'n verandering van dienstussenganger. Old Mutual Unit Trusts sal foutiewe opdragte wat ontvang is verander, maar sal nie vorige betalings wat op foutiewe opdragte gegrond is regstel nie.

Datum D D M M E E J J ☐☐☐☐☐☐☐☐ Handtekening van belegger ☐

10. VERKLARING DEUR ADVISEUR/MAKELAAR

SPESIALE OPDRAGTE

Ek, die ondergetekende, verklaar en waarborg hiermee dat ek behoorlik gemagtig is om finansiële dienste ten opsigte van hierdie produk te lewer. Alle betrokke partye is geïdentifiseer en geverifieer, alle tersaaklike dokumentasie is bekom en toepaslike prosedures is gevolg in ooreenstemming met die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (Wet 38 van 2001).

Naam van voorsteller	Tak	Tussengangers-/Makelaarskode	Tel.nr.
☐	☐	☐	☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Voorsteller se e-posadres ☐ Voorsteller se handtekening ☐

Die geestelike tuiste van suiwer beleggings

Shari'ah-beleggings aangebied deur Old Mutual Unit Trusts

KOOPVORM *vervolg*

11. BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Die Old Mutual-groep bied u graag finansiële dienste op 'n deurlopende grondslag en kan u persoonlike inligting gebruik om vir u inligting te gee oor produkte of dienste wat geskik kan wees om in u finansiële behoeftes te voorsien. SMS asseblief u ID-nommer na 45600 indien u nie sulke finansiële dienste wil ontvang nie. Om ons volledige kennisgewing oor privaatheid te sien en u voorkeure uit te oefen, besoek ons webtuiste by www.oldmutual.co.za.

12. STATUTÊRE INLIGTING

Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Skommelinge kan oor die korter termyn voorkom, terwyl u belegging in ooreenstemming met die markte beweeg. Wisselkoersbewegings of -skommelinge kan meebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Effektetrusts kan by leen en die uitleen van skrip betrokke wees. Die fonds se TOV weerspieël die persentasie van die gemiddelde Netto Batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en fooie met betrekking tot die bestuur van die portefeulje aangegaan is. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV impliseer ook nie 'n goeie opbrengs nie. Die huidige TOV kan nie as 'n riglyn vir toekomstige TOV's beskou word nie. 'n Lys van fooie, koste en maksimum kommissie is by Old Mutual Unit Trust Managers Ltd (OMUT) verkrygbaar. U kan u belegging verkoop teen die heersende prys van die dag (om 15:00 op 'n vooruitprysingsgrondslag bereken en 17:00 teen die maandeinde vir Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund, Old Mutual Top 40 Fund en SYm|mETRY Equity Fund of Funds). Die Old Mutual Money Market Fund se onderaandeelprys poog om staties te wees, maar beleggingskapitaal word nie gewaarborg nie. Die totale opbrengs bestaan hoofsaaklik uit rente (wat daagliks om 13:00 verklaar word), maar kan ook enige wins/verlies op 'n bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die daaglikse opbrengs verhoog of verlaag, maar in uiterste gevalle kan dit die kapitaalwaarde van die fonds verminder. Spesialisaandelefondse kan 'n groter risiko inhou, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Voederfonds is 'n portefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit deelnemende belange in 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. 'n Fonds van fondse-effektetrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. Sekere fondse kan tydelik vir nuwe besigheid gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te word. Hierdie portefeuljes bevat verskillende onderaandeelklasse, wat aan verskillende fooie en koste onderhewig is. Old Mutual Unit Trust Managers Ltd is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging Suid-Afrika (ASISA).

13. VERKLARING

Ek stem in om die getal onderaandele te aanvaar wat uit hoofde van hierdie aansoek aan my verkoop word en ek waarborg dat ek volle mag en gesag het om hierdie transaksie aan te gaan en te sluit, met die nodige bystand waar sodanige bystand 'n regsvereiste is. Ek is daarvan bewus dat hierdie produk geen afkoelregte bied nie. Ek weet dat die aankoopkoste van onderaandele 'n aanvangskoste plus BTW kan insluit, na gelang van die bedrag wat belê word en of ek 'n tussenganger gebruik of nie, en dat daar geen waarborge op my kapitaal is nie. Ek erken dat daar verdere toelaatbare aftrekkings van die effektetrust(s) is (bv. 'n jaarlikse diensfooi) wat 'n impak het op die waarde van my belegging. Ek is tevrede dat die feite wat verskaf is korrek en volledig is. Ek is bewus van die effektetrust(s) se doelwitte, risikofaktore, die kosteheffings en inkomste-uitkerings, soos uiteengesit in die effektetrustfondsfeiteblad/-blaaie. Ek erken dat Old Mutual Unit Trust Managers Ltd tot 10% van die portefeulje kan leen om onvoldoende likiditeit te dek. Ek het al vyf bladsye van hierdie aansoekvorm gelees en ten volle verstaan. Hiermee magtig ek Old Mutual Unit Trust Managers Ltd om bogenoemde rekening te debiteer met die maandelikse bedrag/enkelbedrag wat gespesifiseer is. Verder magtig ek Old Mutual om opdragte van my per faksimilee te aanvaar (skrap asseblief indien nie van toepassing nie).

Datum D D M M E E J J

Handtekening van belegger

KONTAKBESONDERHEDE

Old Mutual Unit Trust Managers Limited
(Registrasienr. 65/08471/06)
Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands 7405, Suid-Afrika
Posbus 207, Kaapstad 8000, Suid-Afrika
Telefoonnr.: +27(0)21 503 1770
Hulplyn: 0860 234 234
Faksnr.: +27(0)21 509 7100
Internetadres: www.oldmutualunittrusts.co.za
E-pos: unittrusts@oldmutual.com
Klagtes: Skryf aan ons Kliëntediensbestuurder by bogenoemde adres of skakel 0860 234 234.
Nakomingsafdeling: +27(0)21 503 1770

Old Mutual Investment Administrators (Pty) Ltd
Registrasienr. 1988/003478/07)
Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands 7405, Suid-Afrika
Posbus 5408, Kaapstad 8000, Suid-Afrika
Telefoonnr.: +27(0)21 503 1770
Faksnr.: +27(0)21 509 7100
Nakomingsafdeling: +27(0)21 503 1770
Professionele skadeloosstellings- en getrouheidsversekeringsdekking is in plek.

Old Mutual Investment Administrators (Pty) Ltd is 'n derdeparty-administrasie- en diensverskaffer aan Old Mutual Unit Trust Managers Limited en is 'n gelisensieerde finansiële diensverskaffer.

Besoek www.omut.co.za vir effektetrustinligting, pryse en nuus. Meld aan om u portefeulje aanlyn te bekyk.
Kliënte wat e-pos as hul voorkeur-kommunikasiemetode kies, vind baat by 'n uitgebreide kommunikasiediens.

EFFEKTETRUSTFONDSE WAT AAN SHARI'AH VOLDOEN

Effektetrust	Effektetrustkategorie	Beleggingsdoelwit	BELEGGINGSMINIMUMS		Totale Onkosteverhouding (TOV) (%) (Prestasie-fooikomponent %)	Geannualiseerde Diensfooi % (ingesluit by TOV)		Uitkerings-datums	Risiko
			Enkelbedrag	Maandeliks		Min	Max		
Old Mutual Albaraka Balanced Fund A	Binnelands - Batetoewysing - Voorsorg: Veranderlike Aandele	Hierdie fonds, wat aan Shari'ah voldoen, poog om bestendige langtermyn-kapitaalgroei asook 'n matige vlak van inkomste aan beleggers te lewer, deur middel van 'n portefeulje wat oor bateklasse diversifiseer.	R5 000	R500	Hierdie verhouding sal 12 maande na die bekendstellingsdatum gepubliseer word.	1.43	N.V.T.	Junie Desember	Matig
Old Mutual Albaraka Equity Fund A	Binnelands - Aandele - Algemeen	Hierdie fonds, wat aan Shari'ah voldoen, belê in 'n breë spektrum van aandele wat nie met alkohol, dobbel en nie-halaalvoedsel verbind word nie en wat nie rente-inkomste genereer nie.	R5 000	R500	1.87 (N.V.T.)	1.71	N.V.T.	Junie Desember	Matig aggressief